NINA WYS LUKAS HAAR BOTTELS

(Nina kom ingestap. Sy eet 'n patat. Sy stap tot by Lukas.)

Hou op tjank, Lukas.

(Sy staan 'n oomblik en hou die patat na hom toe uit.)

Wil jy 'n patat hê?

(Sy kry geen reaksie nie en probeer nou 'n nuwe aanslag.)

Kan jy 'n geheim hou? As jy saam met my kom… dan wys ek jou 'n geheim.

(Sy stap tot by hom en skop na hom.)

Jy sal blou-aap boude kry as jy net heeldag so sit.

Pa sê hy gee jou nog net een dag om jouself reg te ruk… maar van môre af vat hy g'n meer nonsies van jou nie. Hy gaan jou pap slaan.

Jy's Lukas… nie Benjamin Komoetie nie.

(Skielik hoor Nina iets.)

Sjuut! Hoor jy dit? Dis 'n bosloerie wat so fluit.

Kom ek gaan wys jou iets.

(Sy draf tot by die bottels. Tel een op en vryf hom skoon. Sy blaas oor die bottel om 'n geluid te maak.)

Sien… dis my musiek. Al hierdie bottels is myne. Hieries het ek opgetel en hierdie een het ek gesteel by antie Gertie. Luister na hom… hy maak die beste geluid.

Blaas jy nou op hierdie een… dan blaas ek op 'n ander een… dan blaas ons saam.

Samblief, Lukas. Blaas nou. Hoor jy daar? Dis my musiek.

(Ruk haarself om en lyk benoud.)

(Nina val plat) O magtig… lê plat en hou stil. Sjuut! **(lig stadig haar kop)** Kyk. **(Fluister en wys)** Die houtkappers is terug. As pa-hulle ons hier kry… waai my en jou se gatvelle. As hulle verby is moet ons hardloop vir die huis. Gehoor? **(lig haarself op)** Kom Lukas… hardloop!